Moenie meer vir jouself lewe nie.

Ds. Willem Louw: NG Kerk Miederpark

Teks: 2Kor.5:14-15

Kyk na die woorde in 2Kor.5:15 "***En Hy het vir almal gesterwe sodat die wat lewe, nie meer vir hulleself moet lewe nie, maar vir Hom wat vir hulle gesterf het en uit die dood opgewek is."***

Daar is niemand wat 'n groter liefde vir jou het as God die Vader en Sy seun Jesus Christus nie. Joh.3:16 bevestig dit. Toe Jesus aan die kruis op Golgota in ons plek gesterf het en vir jou en my sondes betaal het, het Hy net een doel voor oë gehad nl. om ons te verlos van die binding van sonde. Sy begeerte was dat ons OU sondige lewe tot 'n einde sal kom en ons voortaan net vir God sal lewe. Dat ons ook saam met Hom vir altyd in 'n nuwe verhouding kan lewe.

Niks is so sterk soos die liefde wat God vir ons het nie. Daardie liefde oorwin alles. Liefde is sterker as haat, bitterheid, jaloesie of enige ander krag. 1 Kor.13 leer ons dat liefde uiteindelik sal seëvier. Want God is liefde (1Joh.4:8-11). Johannes sê as God ons so lief gehad het, behoort ons mekaar ook so lief te hê. Paulus sê die liefde wat Christus vir ons gehad het dring ons, ons kan nie anders as ook om vir God lief te hê en vir Hom alleen te leef nie.

Daar is maar net een rede waarvoor ons vanoggend hier bymekaar behoort te wees. Daar is maar net een rede waarom hierdie gemeente bestaan. Daar behoort maar net een rede te wees waarvoor al ons energie en krag en besittings hier ingeploeg word… Daar behoort maar net een rede te wees waarvoor elke Christen leef.

Die vraag is: Vir wie lewe jy tans? Wie of wat is die middelpunt van jou lewe? Lewe jy vir jouself, vir jou eie besigheid, vir jou gesin, of lewe jy vir Jesus (God)?

Paulus vat die hele motivering vir sy lewe en die dryfveer van sy bestaan saam in een enkele eenvoudige sin. Hy sê die rede waarom hy alles aanpak is Jesus. **Die liefde van Jesus Christus dring hom om sy hele lewe aan God te wy.** Dit was die

geval met elke dissipel. Hulle was uiteindelik elkeen bereid om vir Jesus te sterf. Hulle het alles vir Hom opgeoffer.

Daar is egter net een probleem. Ons kan nie begin om vir Jesus te lewe voordat ons nie eers bereid is om te sterf (af te sien), van ons OU sondige lewe en al die selfsugtige en selfsentriese redes waarvoor ons mag bestaan. As ons mooi daaroor gaan nadink, leef ons in baie opsigte selfsugtig. Jou lewe verander eers as jy deur die Kruisdood van Golgota beweeg. As die bloed van Jesus jou van sonde en selfsug bevry.

1. Ek sterwe aan myself

Om aan jouself en jou selfsugtige lewe te sterf is onmoontlik as jy nie by die kruis van Jesus uitkom en jou ou lewe aflê om gekruisig te word nie. Jesus wil jou en my daarmee help want Hy begeer ’n verhouding met jou en my.

Soms is ons hard en wil ons nie ons lewe oorgee aan Jesus nie. Soms laat die Here toe dat ons deur moeilike omstandighede gaan om ons op ons knieë voor die kruis te bring…

- **Het jy al ’n oorgawe aan Jesus gemaak? Het jy al saam met Jesus aan die kruis gesterf? Is jy oortuig dat Jesus Christus in jou plek aan die kruis vir jou sonde gesterf het?** Met ander woorde aanvaar jy dat jou ou sondige lewe aan die kruis vasgespyker is en dat jy deur Jesus se bloed gereinig is en in Jesus se plek, deur Sy krag in ’n nuwe lewe kan opstaan en ’n nuwe lewe kan leef? (Kol.2:13-14) <u>As jy seker is van jou verlossing en jou nuwe lewe in Christus, dan wil ek jou herinner wat gebeur het die oomblik toe jy Jesus se verlossing van sonde in die geloof aanvaar het</u>:
    - **1. Jy is gered. Jy is uit genade gered**. Hierdie redding het ek en jy nie verdien nie. Dit is suiwer genade van God. Dit is uit liefde vir jou en my God hierdie geskenk van verlossing gratis aan ons gee. **Ef.2:8-9** *“Julle is inderdaad uit genade gered, deur geloof. Hierdie redding kom nie uit julleself nie; dit is ’n gawe van God. Dit kom nie deur julle eie verdienste nie, en daarom het niemand enige rede om op homself trots te wees nie.”*
    - **2. Jy is vrygespreek van al jou sonde. Kol.2:14** sê: *“Jesus het die skuldbewys met sy eise teen ons tot niet gemaak. Deur dit aan die kruis te spyker, het Hy dit vergoed weggeneem.”* Dus het Jesus vir

gister, vandag en môre se sonde aan die kruis gesterf. Jy is vrygespreek van al jou sonde.

- **3. Jy sal nooit weer verlore gaan nie.** Jesus sê ook in **Joh.10:28**: *"Ek gee hulle die ewige lewe, en hulle sal in alle ewigheid nooit verlore gaan nie. Niemand sal hulle uit my hand ruk nie."* U het dus deur Jesus se sterwe in u plek (vir u sonde), permanente verlossing ontvang. U sal nooit weer verlore gaan nie. Niemand sal u ooit weer uit Jesus se hand kan ruk nie. Ook nie eens die duiwel nie (vgl.1Joh.5:18)

- **Die Bybel leer ons dat ons lewe na hierdie oorgawe, nie meer dieselfde kan bly nie. Jou lewe verander radikaal:**
  - **4. Jy sterf aan jou ou sondige natuur**. Jou waardes en prioriteite in die lewe verander. **Rom.6:6** sê: *"Ons weet tog dat die sondige mens wat ons was, saam met Christus gekruisig is sodat ons sondige bestaan beëindig kon word. Ons is dus nie langer slawe van die sonde nie."* Wat beteken dit? **Dit beteken dat my ou manier van lewe net daar stop.** Die ou mens met sy sondige begeertes sterf net daar en het nie meer 'n houvas op my nie (vgl.Rom.6:10). Die ou mens is dood. Dooie goed is morsdood en kan nie meer beheer oorneem nie. My ou lewenstyl sterf dus net daar. My ou gewoontes kan nie weer oorneem nie. Ek begeer om nuut te lewe. Waarom werk dit so?
  - **5. Jy ontvang 'n nuwe natuur**. Daar vind dus 'n omruiling van natuur plaas. **Ek ontvang nou die Heilige Gees** wat in my kom woon. God se eie natuur kom woon in my. **Rom.8:8** *"Die wat hulle deur hul sondige natuur laat beheers, kan nie die wil van God doen nie."* Daar vind dus as't ware 'n genetiese omruiling in my plaas. Die nuwe natuur wat ek nou van die Heilige Gees ontvang, wil nie meer sonde doen nie. Ek verlang nie meer daarna nie. Ek begeer nou om heilig te lewe. Ek neem 'n wilsbesluit om sonde nie verder in my lewe toe te laat nie.
- **Die probleem is egter dat baie mense met hul mond sê hulle is Christene maar hulle ou sondige manier van lewe is springlewendig!** (Jy sal hierdie mense uitken. Luister hoe hulle praat. Hul taalgebruik stel God teleur. Kyk hoe traag is hulle om te getuig, of kerk toe te kom! Sulke mense klou nog vas aan hul ou gewoontes en wil nie by Golgota hul lewe aan Jesus oorgee nie.

- **6. Jy moet ’n wilsbesluit neem om met jou OU lewe klaar te maak.** Breek daarmee. Lê jou OU sondige lewe by die kruis van Jesus neer en draai jou rug daarop. Jy sal gou agterkom dat jou sondige vriende nie meer tuis by jou voel nie en jou verlaat. (Onthou as jou ou sondige vriende nog by jou tuis voel, is jou ou gewoontes nog springlewendig).

As jy klaar by die kruis gesterf het, sal jy ’n begeerte kry om nie meer vir jouself te lewe nie. Paulus weet, dis die liefde van Christus wat dit in ons harte kom doen. Die verandering word deur God se Gees wat in ons woon bewerkstellig. Dan kan ek sê:

2. Ek lewe nie meer vir myself nie.

Die Bybel sê. Iemand wat Jesus as Verlosser aangeneem het, leef nie meer vir homself nie. Wie van ons kan vanoggend eerlik hande opsteek en sê: “Ek leef nie meer vir myself nie.” (Ons is bang om dit te doen, want ons weet ons vaal Jesus nog dikwels, nie waar nie?)

- **Hoe lyk iemand se lewe wat nie meer vir hom/ haar self lewe nie, maar vir Jesus Christus alleen?**

Dink u so iemand se leefstyl sal uitkenbaar verander?
Dink u so iemand se prioriteite sal verander?
Dink u so iemand se oorweging sal altyd wees om eerste die beste vir Jesus beskikbaar te stel?

Die vraag wat ons dus nou wil ontleed is: **“Hoe leef iemand wat nie meer vir homself lewe nie?”** Ek wil die antwoorde uit die Bybel gaan haal en dan vergelyk u en ek ons lewe vandag daarmee. Die Bybel sê as jy waarlik ’n nuwe mens is sal die volgende in jou lewe gebeur:

- **1. Jy sal elke deeltjie van jou lewe en liggaam in diens van God stel. Rom.6:13** *“…stel julle in diens van God as mense wat dood was maar lewend gemaak is, en stel elke deel van julle liggame in diens van God as werktuig om te doen wat God wil.”* Dit beteken ek hou niks terug vir God nie. Elke gawe, elke talent, elke stukkie spierkrag, elke stukkie kennis, elke stukkie vermoë waaroor ek beskik, sal ek met plesier in God se diens aanwend! Paulus sê in **Gal.2:19-20** *“ek is saam met Christus gekruisig, en nou is dit nie meer ek wat lewe nie, maar Christus wat in my lewe”.* Verder sê hy *“God het ons gemaak wat ons nou is: in*

Christus Jesus het Hy ons geskep om ons lewe te wy aan die goeie dade waarvoor Hy ons geskep het." ***Ef.2:10***

- Kan ek vir jou dan die vraag vra: "**Waarom sukkel ons dan ons ketel af om die meerderheid Christene opgewonde en betrokke te kry by God se belange?** Volgens die Bybel sal 'n ware kind van God onder leiding van die Gees, nie kan wag om elke stukkie van ons liggaam in diens van God te stel nie! Dit doen die Gees wat in jou woon.

o **2. Jy sal God se wil soek in alles wat jy doen.** Jy sal elke keer voordat jy iets doen eers seker maak of dit is wat die Here nou wil hê jy moet doen! Moses sê in ***Exo.33:13*** *"As U my goedgesind is, maak my u wil bekend, sodat ek U kan leer ken en kan doen wat U verwag"*
Rom.6:13 sê ek word 'n werktuig om te doen wat God gedoen wil hê. Ek begeer dus om vas te stel wat God se wil vir my lewe is. Daarin ploeg ek al my tyd, energie en lewe.

- **Voorbeeld: Verhale van wonderwerke wat in Malawi gebeur het** tydens 'n besoek aan ons sendeling, toe ons daarop ingestel was om God se wil te soek. (Bv. Josia se afspraak, drie ander leiers wat God op afspraak saambring sonder ons ingrepe). Dan besef mens dis lekkerder en beter om binne God se wil te leef en werk!

o **3. Jy sal jou prioriteite volgens God se prioriteite verander.** Is jy tans seker dat jou prioriteite God se prioriteite vir jou lewe is? Is jy nie dalk besig om jou tyd te mors met dinge wat nie vir God van waarde is nie?

- Wil jy nie 'n slag jou in gebed en Bybelstudie gaan afsonder en God se wil en prioriteite vir jou daaglikse lewe soek nie?

Paulus het bv. nadat hy Jesus as Verlosser aangeneem het sy hele lewens prioriteite aangepas. Hy skryf in **1Kor.9:19** hy het selfs sy hele lewenstyl aangepas en baie opofferinge gemaak met een doel voor oë nl. *"om soveel mense as moontlik vir Christus te wen."* Hy was doelgerig daarmee besig. In die proses het hy homself baie dinge ontsê om sy lewenstyl by sy nuwe prioriteite aan te pas. Hy sê: *"Ek hardloop dan ook soos een wat nie van sy doel onseker is nie; ek slaan soos 'n bokser wat nie in die lug slaan nie."(vers 26).*

- **As jy te besig is sodat jy nie tyd het om God te aanbid en te dien nie, is jy te besig.** Dan moet jy weet jy gaan die belangrikste dinge wat God van jou vra, nie in jou lewe ingepas kry nie. Jy gaan steeds besig bly, maar jy gaan die dinge wat vir God belangrik is, nooit in jou besige lewe ingepas kry nie.

- **<u>Illustrasie:</u>** Ek wil die erns van hierdie saak vanoggend vir u illustreer deur ’n praktiese demonstrasie *(Glasbottel word gevul: Eers met gholfballe, dan mielies, dan fyn sand. Twee koppies koffie, -die koffie stel jou sosiale kuiers by vriende voor. As jy die orde omkeer kan alles nie inpas nie!)* As jou prioriteite verkeerd is sal jy God se belange nooit in jou lewe ingepas kry nie. Stel God se dinge eerste in jou lewe. Neem ’n wilsbesluit om vandag jou prioriteite te verander. Stel God eerste, dan jou gesin, dan jou werk. Vra jouself af: Waaraan kan jy sien dat God eerste prioriteit in jou lewe kry?

- **4. Jy sal heilig leef. 1Kor.6:19-20** word vir ons ’n werklikheid. *“Besef julle nie dat julle liggaam ’n tempel van die Heilige gees is nie? Julle het die Heilige Gees, wat in julle woon, van God ontvang, en julle behoort nie aan julleself nie: Julle is gekoop, en die prys is betaal. Julle moet God dus in julle liggaam verheerlik.”*
  - Elke stukkie sonde wat ek troetel en toelaat in my lewe, is tot oneer van God.
  - Dit bedroef die Heilige Gees wat in my woon. Dit stel God teleur.
  - Dit bring afstand in die verhouding tussen my en God. Dit maak my onbruikbaar vir God.
  - Dit verhinder dat die Heilige Gees volle beheer oor my lewe kan neem.
  - Dit maak dit vir my moeiliker om God se wil vir my lewe vas te stel.

    Wil jy nie vandag ’n besluit neem om klaar te maak met die sonde wat jou lewe bind nie. Jy weet presies watter dinge in jou lewe belemmer jou verhouding met God! Ef.4:22-23 *“Hou dan op om te lewe soos julle vroeër gelewe het; breek met die ou sondige mens in julle wat deur sondige begeertes verteer word. Julle gees en gedagtes moet nuut word; lewe as nuwe mense wat as die beeld van God geskep is: lewe volkome volgens die wil van God en wees heilig.”*

- **5. Jy sal God met jou lewe eer.** Jy sal ’n geweldige agting en respek vir God hê. Jy sal Hom bewonder, graag wil aanbid en eer. In **Lev.10:3** staan: ***“Wie ’n offer vir My bring, moet besef dat Ek heilig is; sy ontsag vir My moet vir die hele volk duidelik wees.”*** Ek vra myself die vraag af of mense rondom my kan agterkom dat ek ontsag vir God het. Dat ek Hom werklik wil eer. Dat ek moeite doen om Hom te aanbid?

  - **Hoe kan die kerk leeg wees as ons werklik ontsag vir God het en Hom graag met ons teenwoordigheid wil vereer?**

Daar is baie maniere hoe ons God vereer. Byvoorbeeld met lofsang, getuienisse wat van God se almag getuig, offervaardigheid, 'n lewenstyl wat God verheerlik ens.

Een van die maniere hoe Christene vandag vir God vereer en aanbid, is deur **erediens bywoning**. Die naam sê dit sommer klaar: "erediens". **Ek woon in die eerste plek 'n erediens by om God met my teenwoordigheid te vereer!**

Die moeite en opoffering wat ek doen om saam met medegelowiges God te kom aanbid is om God te vereer! Dit gaan nie oor my nie, dit gaan oor God. Dit gaan nie oor hoe lekker ek sing, hoe sag die sitplekke is of hoe mooi die preek is nie! (As dit so is, is dit 'n bonus!)My teenwoordigheid is 'n getuienis vir God! 'n Gelowiges wat God liefhet kan nie wegbly van die samekomste van die gemeente nie (Heb.10:25). **Een van die eerste getuienisse van 'n gemeente se liefde vir God is hoe lidmate die eredienste bywoon!** Hoe skaam sal ons nie wees as Jesus vanoggend vir ons gemeente kom sê: "Ek sien julle het My nie meer lief nie!"

Waarom pla dit ons so geweldig as ons net 10 minute te lank vir God moet eer. Onbewustelik het ons vandag ons prioriteite omgedraai! In plaas daarvan dat ons God eer, wil ons onsself vooropstel. As die diens nie vir ons leker is nie en ons nie kry wat ons wil hê nie en ons nie sag en gerieflik sit, warm kry en die vertoning geniet nie, dan kom ons nie weer nie!

- **Voorbeeld:** het in **Angola** 'n diens bygewoon waar die gelowiges elke Sondag kom getuig watter wonderwerke God in daardie week vir hulle gedoen het. Ek het na hul passievolle lofprysing en aanbidding geluister. Ek kon nie daaroor twyfel dat hulle God liefhet nie! Dat hulle hele lewe oor Hom gaan nie! Sommige stap selfs daagliks 20-30 km om by die kerk uit te kom! Het jy al gedink waarom daardie Christene (ten spyte van gebrek aan geld om 'n kerk te bou), elke Sondag teenwoordig is, al sit hulle onder 'n boom (Winter/Somer) en kerk hou? Al het hulle nie eers 'n prediker nie, al deel hulle net een Bybel. Hulle is daar om God te aanbid!
- **Voorbeeld**: Het jy al gewonder waarom **gelowiges in Oezbekistan en Yemen,** en in ander lande waar dit verbode is om die evangelie oop en bloot te verkondig hul lewe in gevaar stel om in ondergrondse huiskerke die Here te kom aanbid? En steeds bly kom selfs al word van hul familie

in die tronk gegooi oor hul kerkbywoning! *Mag hulle tog nooit in ons gemeente kom nie, want ons gaan hulle teleurstel.* Ons gebrekkige erediensbywoning sal hulle nie oortuig dat ons God lief het nie!

Iewers is ’n groot skroef los. Opb.2:4 sê presies wat by ons fout is. ***“Maar Ek het dit teen julle: julle het my nie meer so lief soos in die begin nie.”*** Dalk het jy Jesus nie werklik lief nie. Of dalk leef jy nog volgens jou Ou Natuur? Dalk het jy nog nie Jesus op die troon van jou lewe geplaas nie. **1Joh.2:6** ***“Wie beweer dat hy in Hom bly, behoort self ook te lewe soos Jesus gelewe het.”***

Uitdaging:
Kom ons keer ons gewoonte van swak kerkbywoning om. Ons weet dit is tot oneer van God. Kom ons begin bid onophoudelik in die gemeente totdat elkeen weer ’n liefdespassie vir God in hul harte het en die begeerte kry om elke Sondag die Here te kom aanbid!
Sal jy daarmee begin? Kan ek jou vra om van vandag af weer elke Sondag kerk toe te kom. Om Jou erediens bywoning in die eerste plek as verering van God te beskou? (Onthou die res van die dinge wat hier gebeur en wat jy in die erediens ontvang is ’n bonus).
Sal jy saam met my elkeen wat jy by die diens mis, uitnooi en aanmoedig om hul liefdesverhouding met God te herstel. Hoe lekker sal dit nie wees as almal saam God vereer nie!

Kom ons vat die boodskap saam met ’n opsomming:

Wanneer jy Jesus Christus as Verlosser aanneem, sterf jou OU manier van lewe. Jy ontvang ’n begeerte om Nuut te lewe. Jy lewe dan 100% vir God! Dit gebeur omdat die liefde van Jesus my dring.

- Jou leefstyl sal uitkenbaar verander?
- Jou prioriteite verander in ooreenstemming met Jesus se prioriteite?
- Jou liefde vir God sal so sterk word dat jy begeer om elke Sondag God te eer met jou teenwoordigheid in Sy erediens!

2Kor.5:15 “*En Hy het vir almal gesterwe sodat die wat lewe, nie meer vir hulleself moet lewe nie, maar vir Hom wat vir hulle gesterf het en uit die dood opgewek is.”*

AMEN